

# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**22 FEBRUARIE 2026**

## Genesis 2:15-17; 3:1-7 Bewerk en Bewaar

**1.Beweging 1:**
a.Verwelkom elkeen in die groep en vier enige verjaarsdae en ander hoogtepunte.
b.Word 'n oomblik stil om bewus te word van God, van mekaar en ons omgewing. Laat ons voete op die grond ons herinner aan ons kontinent, ons land, ons dorp, ons buurt... Wat druk God vandag op jou hart?
c.Open met gebed

**2.Beweging 2:**
Lees Genesis 2:15-17; 3:1-7
Gesels oor die stellling: God plaas die mens in die tuin van Eden met vryheid om te deel in wat Hy geskep het. God stel ook perke aan die mens se vryheid.

**3.Beweging 3: Gehoorsaam of doen wat ek wil?**
Genesis 1–11 is as't ware die voorwoord tot die Bybel. Ons leer God en die mens ken wat hoofkarakters is in die res van die Bybel: die Skeppergod wat altyd nog 'n kans gee en die mens wat altyd streef om outonoom te wees; buite God se beheer wil optree. Sentraal staan die twee sake van kennis en begeerte. Beide is op sigself nie sleg nie, maar waar dit in diens staan van outonomiteit (selfstandigheid/onafhanklikheid) word dit destruktief. Iemand sê dat wysheid saam met ongehoorsaamheid lei tot "deceit, cunning, conspiracy, and gas chambers". Herken jy dit? Gesels oor hoe hierdie twee sake soms goed, maar ook gevaarlik kan wees in ons lewens en samelewing.

**4.Beweging 4: Kyk in die spieël**
Ons ervaar dikwels vervreemding. Vervreemding tussen mens en mens, tussen mens en God, tussen mens en natuur, selfs met myself. Ons wil graag iemand die skuld gee vir die vervreemding. Ons doen dit deur die slang die duiwel te maak, of die vrou die verleidster. Lydenstyd nooi ons om in die figuurlike spieël te kyk en myself raak te sien. Ek is Adam, ek is Eva. Ek is die een wat dink ek kan sonder God klaarkom en beskik self oor wysheid en outonomiteit. Ek moet egter verantwoordelikheid neem en nie ander blameer vir my keuses en optrede nie.
Gesels oor die tekens van hierdie tipes vervreemding in ons lewens en hoe ons geroep is om verantwoordelikheid te neem.

**5.Beweging 5: Here wees ons genadig**
Maak hierdie Lydenstyd jou kerngebed: "Here, wees genadig, Christus, wees genadig, Here, wees genadig." Hierdie tuinverhaal, ons almal se verhaal, het nie die laaste sê nie. Die Tuinier, die Skeppergod, die genadige Een, omarm ons ook in die daaglikse reis in ons menswees in, te midde van ons verlange en begeerte na wysheid, kennis en insig. Hoe verander Jesus die verloop van die tuinverhaal?

**6.Beweging 6**: Sluit af met gebed en geniet 'n heerlike koppie tee en verkeer gesellig saam.

**7. Aankondiding:**
a. Onthou: Stuur asseblief 'n lys van julle kleinroeplede vir ons en dui aan wie die sameroeper/leier/kontakpersoon is. Julle kan dit stuur aan: kommunikasie@sonstraal.org.za. Baie dankie vir julle samewerking!